
**Botswana Uitreik 2019**

Ons beplan om aan elke vrou wat aan ons uitreikaksies deelneem in Werda 'n toiletsakkie met van die volgende te gee:

- Deoderant - Aanrol
- Waslap - Lyf seep
- Tandeborsel - Tandepaste
- Gesig handoekie
- Hande room
- Vaseline
- Zambuck (Klein)
- Kam - Borsel

Die vrouens is baie arm en dit beteken vir hulle baie. As jy so 'n pakkie of selfs net een van die items wil skenk, sal dit ons baie help. Dit kan by die kerkkantoor afgee word, of Sondae na erediens toe gebring word.






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 28 April 2019**

*"Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou". (Hd 2:24)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Middestad Evangelisasie.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader 10:00 in die "gat". Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Robert) en Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal en Gr 7-8 na die "Gat" na die kinderoomblik in die diens en Gr 11 vergader 10:00 in die "gat". Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 by Santos 2; Dinsdag 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal; Woensdag geen selgroep.

Ds Robert: Dinsdag 09:00 17de Laan 18 en 19:00 by Tienie Bothastraat 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Woensdag:** Werkersdag. Geen biduur.

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die saal.

**Saterdag:** **HAP & KRAP** 07:30 tot 10:30 in die kerksaal.



**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS: April** is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Sinodale offer vir Studente Bearbeiding was R1637-60.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**PERSKES:** Geskil R85/kg en ongeskil R65/kg is by die kerkkantoor te koop.

**BOTSWANA UITREIK 2019:** Ons soek dringend iemand wat kan saamgaan Botswana toe, wat 'n voertuig het om te help met vervoer.

**SAAMBID:** Dinsdag, 7 Mei om 17:30, saambid in die konsistorie met die oog op die verkiesing.

**HELPLIFT:** Ons nooi almal uit om die nuwe projek se vergadering by te woon op Maandag (5 Mei) en Dinsdag (6 Mei) in die kerksaal 09:00—12:00. Vir meer inligting, kontak ds Robert.

**<u>Kerkkantoor sal GESLUIT wees</u>:**

**Woensdag, 1 Mei**




## HAP EN KRAP

Ons hou weer DV op 4 Mei vanaf 07:30 tot 10:30 'n HAP-EN-KRAP in ons kerksaal. Goeie tweedehandse klere, wit olifante en kitsetes sal verkoop word. Kitsetes sluit in: Boereworsrolle (R10), Pasteitjies en Quiches (R15), Kerrie en Rys (R15), Sop en Brood (R5), Pannekoek (R5), Basaarpoeding (R10). Daar sal ook weer 'n koffie/teetuin wees met heerlike gebak. Merk solank die datum en vertel vir u vriende en werksmense. U kan asseblief goeie tweedehandse klere en ander artikels wat in u huis wat u nie meer gebruik nie na die kerkkantoor bring. Niks is te groot of te klein nie! Breekgoed, beddegoed, messegoed, potte en panne en meublement verkoop goed.





## GEBEDSBULLETIN

***<u>Tema vir Mei</u>: VREDE - Jesus se vrede is nie die soort wat die wêreld gee nie. Dit het te make met 'n innerlike rus en kalmte in die Here se teenwoordigheid.***

**<u>Hierdie week se DANKSEGGING</u>:**

* Jesus se vrede te midde van onrus en chaos om ons.
* Die voorreg van 'n werk (of pensioen na aftrede uit 'n werk).
* Ons gemeente se "voetspoor" in ons gemeenskap.

**<u>Hierdie week se GEBED EN SMEKING</u>:**

* (Deuroffers) Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad is 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en werkloses. MES se diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention and intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en "*sustainable exit*" (werksgeleenthede, behuising, opvolg).
* Middel-afhanklikheid (Dwelms, alkohol, voorskrif medikasie) - bevryding daarvan. Bid vir die Omgee Rehab (ds Engie Immelman) in Mosselbaai.
* Terreuraanvalle in Sri Lanka, vloede in Kwazulu Natal.
* Weskaap Sinode (13-17 Mei) - tema: volg Jesus met waagmoed.
* Hap-en-krap Saterdag.
* Werkloosheid in SA.
* Verkiesing van volgende week.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Giel Nel Heidepark, Pieter Groenewald Fynbos Aftreeoord, Esmé van Rooyen Santos Haven, seun van Poppie Meyer, Sampie Botha Santos Haven, Heila du Toit Santos Haven.

**STERFTES:** Vader van Christie Julyan Da Gamastr. Pa van Cecile Violante (en oupa van Lara en Carla) - dis ook Neels en Esmé Meyer se pa.

